Cambridge Assessment International Education

# Cambridge IGCSE™

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/02**

Paper 2 Listening **For examination from 2025**

SPECIMEN TRANSCRIPT **Approximately 50 minutes (including 6 minutes' transfer time)**

This document has **12** pages. Any blank pages are indicated.

© Cambridge University Press & Assessment 2022 [Turn over

**R1 Cambridge Assessment International Education, Cambridge IGCSE Afrikaans as a Second Language, specimen Paper 2, Listening.**

[BEEP]

**R1 Oefening 1**

**Jy sal agt kort opnames hoor. Maak 'n regmerkie in die korrekte blokkie, A, B, C of D, by elke vraag.**

**Jy sal elke opname twee keer hoor.**

**R1 Vraag 1**

**Hoekom is Madeleine opgewonde dat sy nou 16 jaar oud is?**

PAUSE 00'03"

*V: 16-jarige meisie*

**V:** * Nadat ek my siek ouma in die hospitaal besoek het, het ek ook aan ander maniere gedink om mense te help. Ek maak dus soms kos vir arm mense. Noudat ek sestien is, kan ek ook bloed skenk. Ek kan nie wag nie! Eendag wil ek graag by 'n internasionale liefdadigheidsorganisasie aansluit en deur die wêreld reis **

PAUSE 00'05"
REPEAT FROM * to **
PAUSE 00'05"

**R1 Vraag 2**

**Hoekom moet ouers die vorm voltooi?**

PAUSE 00'03"

*M: mansonderwyser*

**M:** * Klas, maak seker jou ouers vul die vorm vir ons uitstappie in. Die skool moet inligting hê oor allergieë, soos byvoorbeeld vir bysteek. Onthou, los jou selfoon by die huis – as dit val en breek, is dit nie die skool se skuld nie. Bring 'n warm baadjie, want die weer kan skielik verander en moenie te veel soetgoed bring nie – dit maak 'n mens hiperaktief. **

PAUSE 00'05"
REPEAT FROM * to **
PAUSE 00'05"

© Cambridge University Press & Assessment 2022 

**R1 Vraag 3**

**Wat verkies Junior om te drink?**

PAUSE 00’03”

*M: tienerseun*
*V: tienerdogter*

**M:** * Amahle, wat wil jy hê om te drink?

**V:** Net water, dankie Junior.

**M:** Regtig? Dis vervelig. Ek hou van yskoue gaskoeldrank. Nie uit ’n blikkie nie – dit borrel te veel – maar uit ’n botteltjie; dit smaak net beter as uit ’n blikkie. My tweede keuse sal vars lemoensap wees. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * to **
PAUSE 00’05”

**R1 Vraag 4**

**Watter tipe strandaktiwiteit verkies Tanya?**

PAUSE 00’03”

*V: meisie*
*M: seun*

**M:** * Tanya, hou jy van vlugbal?

**V:** Nee, glad nie, maar nog minder van visvang! Ek hou eerder van die adrenalien van vlieërbranderry as die wind my skep en hóóg bo die strand uitlig. Maar soms is ek bang die wind laat val my diep in die oseaan agter die haainette. As ek haaie van naby wil sien, kyk ek liewer uit ’n ysterhok na hulle. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * to **
PAUSE 00’05”

**R1 Vraag 5**

**Wat verkies Samkelo om nóú te lees?**

PAUSE 00’03”

*M: skoolseun*

**M:** * Toe ek jonger was, het ek stories op my ma se tablet gelees. Nou is dit nogal lekker om toneelstukke saam in die klas te lees, maar as ek moet kies, gryp ek liewer ’n koerant. Ek kan self besluit in watter artikels ek belangstel. Met ’n boek is daar altyd weer die kans dat jy nie van die storie gaan hou nie. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * to **

© Cambridge University Press & Assessment 2022

PAUSE 00’05”

**R1 Vraag 6**

**Hoekom was Ashveer laat by die skool?**

PAUSE 00’03”

*M: seun*
*V: meisie*

**V:** * Ashveer, hoekom was jy laat? Het die hond jou huiswerk opgeëet?

**M:** Jy lag nou, Brenda, maar tandprobleme is nie ’n grap nie!

**V:** Siestog, moes jy ’n tand laat trek? Of draadjies kry?

**M:** Brenda! Ek was by die veearts ...

**V:** Jou arme ding! Was die tandarts vol bespreek?

**M:** Néé. Ek het my hond veearts toe gevat, want daar het ’n skerp hoenderbeentjie in háár tandvleis vasgesit. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * to **
PAUSE 00’05”

**R1 Vraag 7**

**Waaroor gaan vandag se praatjie?**

PAUSE 00’03”

*M: manlike radio-omroeper*

**M:** * Verlede week se praatjie was oor ’n hond wat ’n spesiale rolstoel gekry het. Vandag praat ons oor ’n papegaai wat nou ’n splinternuwe titaniumsnawel het. Hy het ‘n deel van sy snawel verloor toe dit in sy hok se deur vasgesit het. Nou kan hy weer neute eet. My eie kanarie het ook op hierdie manier sy vlerk seergemaak.  Volgende week se praatjie handel oor die swartrenoster. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * to **
PAUSE 00’05”

© Cambridge University Press & Assessment 2022

**R1 Vraag 8**

**Hoekom is Ouma en Oupa laat?**

PAUSE 00’03”

*V1 = kleinseun*
*V2 = ouma*

**M:** * Hoekom is julle so laat, Ouma?

**V:** Dit is my skuld. Oupa het weer die kode van die motorhek omgeruil, maar toe die hek oop is, onthou hy jou present lê nog op die kombuistafel. Ons sou nog betyds gewees het, maar toe moes ons wéér ’n keer teruggaan, want ek het my selfoon vergeet.

**M:** Ouma! Julle gaan al nes tieners nêrens sonder julle selfone nie!

**V:** Ja, maar gelukkig het ons darem jou verjaarsdagkoek onthou! **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * to **
PAUSE 00’05”

**R1 Hierdie is nou die einde van oefening 1. Gaan nou na oefening 2.**

PAUSE 00’05”

**R1 Oefening 2**

**Jy sal vyf kort opnames hoor. Maak ’n regmerkie in die korrekte blokkie, A, B of C, by elke vraag.**

**Jy sal elke opname twee keer hoor.**

PAUSE 0’05”

**R1 Jy gaan nou ’n kliënt hoor praat oor ’n nuwe motor wat hy wil koop.**

**Kyk nou na vraag 9 en 10.**

PAUSE 00’15”

*M: kliënt*
*V: verkoopagent*

**M:** * Ek wil vir my vrou ’n motor koop – maar ek sukkel om te besluit oor die kleur. Ek dink ek gaan soos altyd hou by wit.

**V:** Wit is vervelig. Koop ’n helderrooie, dan simboliseer dit jou liefde vir haar. Of is dit vir haar verjaarsdag?

**M:** Nee, hierdie keer is dit iets anders. Sy het haar droomwerk gekry.

© Cambridge University Press & Assessment 2022 

**V:** Nou ja, baie geluk! Ek het ook onlangs vir my man ’n nuwe motor gekoop, ’n silwer een, om twintig jaar se getroude lewe te vier.

**M:** Sjoe, hy’s ’n gelukkige man! Maar ek het nog steeds nie besluit op ’n kleur nie...

**V:** Ek gee op, ek stel voor jy hou by jou eerste keuse. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * to **
PAUSE 00’05”

**R1 Jy gaan twee vriende hoor praat oor dinge waarvoor mense bang is.**

**Kyk nou na vraag 11 en 12.**

PAUSE 00’15”

**M:** * Faith,dink jy daar is nog tieners wat bang is vir vreemde goed?

**V:** Soos? My broer wat nie aan vuil skottelgoed wil raak nie?

**M:** Nee, ... ek dink meer aan iets soos muise of rotte.

**V:** Ag nee, wie is nou bang vir Mickey Muis? Weet jy, dinge soos spoke en geeste maak my lankal nie meer bang nie. Maar, miskien is daar tóg iets waarvoor ek bang is.

**M:** Vertel my toe! Is dit ’n spinnekop?

**V:** Nee man, dis ’n ... padda. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * to **
PAUSE 00’05”

**R1 Jy gaan vriende hoor praat oor dinge wat hulle graag wil doen.**

**Kyk nou na vraag 13 en 14.**

PAUSE 00’15”

**V:** * Ek sal dalk wil rekspring doen. Maar, dit moet ’n moeilike sprong wees wat ’n goeie uitdaging stel; dit moenie sommer net wees om die T-hemp te kry nie. Dalk by die Bloukransbrug; dis baie hoog. Hmm, of miskien eerder iets anders wat die adrenalien nóg meer sal laat pomp. Ja, ek dink valskermspring. En wat van jou Darren?

**M:** Sjoe Rebecca, ek het meer gedink aan iets soos om groot, oop plekke in die buitelug te besoek, soos byvoorbeeld Tafelberg. **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * to **
PAUSE 00’05”

© Cambridge University Press & Assessment 2022 

**R1 Jy gaan Anja hoor vertel van ’n praatjie oor loopbane waarna sy geluister het.**

**Kyk nou na vraag 15 en 16.**

PAUSE 00’15”

*V: Anja*

**V:** * Eers het ek gedink ek gaan moet maak of ek na vandag se praatjie luister, maar dit was glad nie nodig nie. En al was dit lank, het ek selfs notas gemaak.

Hulle het gepraat oor wat ons alles na skool kan doen. Van studeer by ’n universiteit, tot meer praktiese kursusse soos om ’n elektrisiën te word. Ek stel nog altyd belang in tegnolgie. Daar is soveel moontlikhede om van te kies! Soos robotika byvoorbeeld. Dit is beslis iets om aan te dink! **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * to **
PAUSE 00’05”

**R1 Jy gaan ’n ma en seun hoor gesels oor die seun se bestuurstoets.**

**Kyk nou na vraag 17 en 18.**

PAUSE 00’15”

*M: seun*
*V: ma*

**M:** * Ma, die bestuurstoets in die klein karretjie was ’n nagmerrie. Dit het gevoel of alles verkeerd gaan, al bestuur ek die bakkie op die plaas al vandat ek nege jaar oud is. Hoekom moes die bakkie juis vandag stukkend wees! Die kar bestuur anders as die bakkie. Ek kon net nie daaraan gewoond raak nie.

**V:** Ag wat, soms is daar maar moeilike dinge buite ons beheer. Daar is baie mense wat meer as een keer probeer slaag.

**M:** Maar wat ek eintlik wou sê, is: ten spyte van alles, kan Ma my maar gelukwens! **

PAUSE 00’05”
REPEAT FROM * to **
PAUSE 00’05”

**R1 Hierdie is die einde van oefening 2. Gaan nou na oefening 3.**

PAUSE 00’05”

© Cambridge University Press & Assessment 2022

**R1 Oefening 3**

**Luister na Jacoba de Wet, een van Suid-Afrika se eerste kameelmelkboere.**

**Maak ’n regmerkie in die korrekte blokkie, A, B of C by elke vraag.**

**Jy sal die praatjie twee keer hoor.**

**Kyk nou vrae 19–26.**

PAUSE 00’40”

**V:** * Die dae toe die enigste opsies vir melk volvet- en afgeroomde melk was, is verby. Vandag is daar ’n oorvloed melktipes beskikbaar, van bok- en buffelmelk tot amandel- en klappermelk, en natuurlik, koeimelk.

Nou is daar ook ’n nuwe tipe melk wat aandag trek – kameelmelk. Dié melk word al hoe gewilder.

Al is kameelmelk nie so volop soos koeimelk nie, het dit ’n aantal gesondheidsvoordele. Dié melk bevat slegs 2% vet, en het ook hoër yster- en proteïenvlakke. Dit het ook minder kalorieë.

Kameelmelk is ook ’n omgewingsvriendeliker manier om melk te bekom, aangesien kamele minder kos nodig het om melk te produseer. Een van die grootste voordele is beslis dat kamele sowat 14 tot 20 dae sonder water kan oorleef, in teenstelling met ander diere wat dalk net tot vier dae sonder water kan regkom.

Daar word twee keer per dag op my plaas gemelk en elke kameelkoei produseer gemiddeld vier liter melk per dag. Ek het begin met net 14 volwasse kameelkoeie, maar het nou 40. Saam met die kameelbulle is daar 60 volwasse kamele op die plaas.

My kamele wei op natuurlike veld. Die kamele kies self watter plante in die veld hulle wil eet. Dit bestaan meestal uit tipes bosse en die res uit verskillende soorte grasse. Om die kamele se melkproduksie te stimuleer voer ons hulle ook 2 kg lusern per dag.

My kameelmelk word so vinnig moontlik gebottel. Eers word dit deur ’n melklap gegooi om enige onsuiwerhede te verwyder, waarna dit gebottel of gevries word. Kameelmelk is ’n natuurlike produk en het geen verdere verwerking nodig nie.

’n Mens kry twee soorte kamele: die dromedaris-kameel met sy enkelboggel en dan ook die Baktriese kameel met sy dubbele boggel. Dromedaris-kamele word meer gereeld as plaasdiere gebruik, aangesien hulle makker is. Hier by my word daar daarom slegs met die dromedaris gewerk, ook omdat hulle meer volop is.

Die lewensverwagting van ’n kameel is 40 tot 50 jaar, en ’n volwasse kameel is sowat 1,85 meter hoog tot by die skouer. Gewoonlik is die boggel dan omtrent nog 30 cm hoër. Die grootste kameel was in totaal 3,5 meter hoog! **

PAUSE 00’10”

**R1 Jy sal die praatjie nou nog ’n keer hoor.**

REPEAT FROM * to **

PAUSE 00’10”

© Cambridge University Press & Assessment 2022 

**R1 Dit is die einde van oefening 3. Gaan nou na oefening 4.**

PAUSE 00’05”

**R1 Oefening 4**

**Jy sal ses tieners hoor praat oor klubs waaraan hulle behoort.**

**Kies een stelling (A–H) uit die lys vir vrae 27–32. Skryf die korrekte letter (A–H) in die gepaste spasie op die antwoordblad.**

**Jy sal die tieners twee keer hoor.**

**Lees nou stellings A–H.**

PAUSE 00’30”

**R1 Spreker 1**

**V:** * Ek het vyf maande gelede na my dramaklub begin gaan. Ek het nog nie ’n enkele sessie gemis nie en ek het baie interessante nuwe mense daar ontmoet. Ek wou regtig leer om beter toneel te speel, en het gedink dit sou ’n goeie manier wees om dit te doen. Ek is nie daarvan oortuig dat ek al my doel bereik het nie, want die sessies is net een keer per week, terwyl ek graag twee of selfs drie keer sou wou gaan.

PAUSE 00’10”

**R1 Spreker 2**

**M:** Ek kan deesdae nie altyd by al my seilklubsessies uitkom nie. Ek het aanvanklik soontoe gegaan omdat ek pas in die area ingetrek het en meer mense van my eie ouderdom wou leer ken. Dit het gewerk en ek sal dit regtig aanbeveel as ’n manier om mense te ontmoet.

PAUSE 00’10”

**R1 Spreker 3**

**V:** Ek is al jare lank ’n lid van die skool se filmklub. Ons kyk basies net ’n film wat ons drama-onderwyser gekies het. Dit is goed, maar ek kan nie help om te dink dit sal lekkerder wees as ons die film agterna bespreek, en ondersoek hoe dit gemaak is, en sulke dinge nie. In elk geval, ek het nog geen planne om op te hou om daarheen te gaan nie.

PAUSE 00’10”

**R1 Spreker 4**

**M:** Ek gaan elke naweek na ’n rekenaarspeletjieklub toe. Dit is die beste keuse wat ek nog ooit gemaak het, want ons het soveel pret. Om die waarheid te sê, as ek een week nie kan gaan nie omdat ek saam met my gesin weggaan of iets, raak ek in ’n baie slegte bui. Ons doen net een ding – speel rekenaarspeletjies – wat die meerderheid mense waarskynlik baie vervelig sal vind, maar dit is ideaal vir my.

PAUSE 00’10”

**R1 Spreker 5**

**V:** Die duikklub waaraan ek behoort, is ongelooflik. 'n Hele paar van my maats is nou ook lede aangesien ek aanhou praat het oor hoe goed dit is! Ek geniet nie regtig die sessies in die swembad nie, maar ek is mal daaroor om die seelewe te sien, dus kan ek nie dink dat ek ooit sal ophou om na die klub toe te gaan nie.

PAUSE 00'10"

**R1 Spreker 6**

**M:** Ek was nog altyd lief vir perde, daarom gaan ry ek elke week perd by 'n plaaslike klub. Sommige lede wat hul eie perde het, gaan oefen vier of vyf keer per week, dus het hulle vaardighede baie vinnig ontwikkel. Dit sal goed wees om 'n paar nuwe gesigte daar te sien, veral mense van my ouderdom met wie ek vriende kan maak. Miskien sal ek van my maats probeer oortuig om aan te sluit. **

PAUSE 00'10"

**R1 Nou sal jy weer na die ses tieners luister.**

REPEAT FROM * to **
PAUSE 00'10"

**R1 Dit is die einde van Oefening 4. Gaan nou na Oefening 5.**

PAUSE 00'05" 7

© Cambridge University Press & Assessment 2022 

**R1 Oefening 5**

**Luister na ŉ onderhoud met Agnes Kubeka, ŉ bekende sosialemediabeïnvloeder.**

**Beantwoord die vrae deur die korrekte antwoord, A, B of C, te kies en ŉ regmerkie (✓) in die gepaste blokkie te maak.**

**Jy sal die onderhoud twee keer hoor.**

**Kyk nou na vrae 33–40.**

PAUSE 00'45"

**M:** * Agnes, hoe het hierdie reis van jou begin?

**V:** Ek het in 2014 begin om video's op te neem. Eers was ek te skaam om my video's met die publiek te deel. My ma het my toe oortuig om dit wel te doen … en toe het ek vir ŉ lang ruk net drie likes op my video's gehad: my ma, ouma, en broer!

**M:** Maar met meer as 2,4 miljoen volgers tans, hoe het jy dit toe reggekry om ŉ voltydse handelsmerk en besigheid op die been te bring?

**V:** Vanaf die einde van 2017 het my volgers stadig maar seker begin toeneem. Ek sou sê dit het sowat drie en ŉ half jaar geneem om van net ŉ paar volgers tot 2,4 miljoen in 2021 te groei. Baie mense, veral die jeug, vind aanklank by die onderwerpe van my video's.

**M:** Nou hoe skep ŉ mens dan goeie inhoud?

**V:** Party mense glo hoe meer opwindend, hoe beter. Ander probeer weer mense help en raad gee in hulle video's. Maar die kort antwoord vir my is dat jy moet fokus op inhoud wat vir jouself interessant en prettig is.

**M:** Ek het nog altyd gewonder, hoe belangrik is die tegniese aspekte? Dinge soos goeie beligting en so aan?

**V:** Ek het al meer as ŉ miljoen volgers gehad voordat ek my eerste professionele ligte aangeskaf het. Moet dus nie te veel bekommerd wees oor sulke dinge nie; veral nie in die begin nie! Sonlig is jou beste vriend. En as jy in die aand video's moet opneem, gebruik sommer ŉ bedlampie.

**M:** Kan ŉ mens dan maklik ŉ inkomste verdien uit sosialemediaplatforms?

**V:** Die platforms wat ek gebruik, betaal my glad nie. Daar is wel platforms in ander lande wat jou betaal as jou video's ŉ sekere aantal kere gekyk of gelike word. Dit is natuurlik die mees winsgewende manier. Soms betaal hulle jou selfs as jy hulle advertensies voor of na jou video's speel. Maar dit werk gewoonlik nie so hier in Suid-Afrika nie. Sekere besighede hier nader my soms om hulle produkte teen ŉ fooi in my video's te adverteer.

**M:** Is ŉ goeie inkomste dus jou fokus met jou video's?

**V:** Glad nie. Ek kyk na goeie inhoud en die belangrikste: om ŉ lojale gehoor te vestig. Ek is ook baie spesifiek oor die handelsmerke wat ek adverteer. As ŉ mens tot elke finansiële aanbod instem, sal jy naderhand jou gehoor se vertroue verloor.

**M:** Ek sien ... Jy hoor gereeld van mense wat die slagoffers word van aanlyn teistering of boeliery. Hoe hanteer jy so iets?

© Cambridge University Press & Assessment 2022

**V:** Ek duld nie boeliegedrag nie. Aan die begin het ek alle kommentaar gelees en soms daarop reageer en probeer help. Dit het nie gewerk nie; nou blok ek hulle sommer dadelik as ek iets negatiefs sien.

**M:** Jy is ’n rolmodel vir duisende jong mense op jou blad. Hoe laat dit jou voel?

**V:** Dit is ’n groot verantwoordelikheid! Ek is baie bewus daarvan om by my waardesisteem te hou wanneer dit by inhoudskepping kom. Adverteer byvoorbeeld net produkte waarin jy glo. My nommer een bly egter: Begin net, al maak dit jou bang. En as jy die eerste keer faal, is dit ook oukei. Probeer net weer! En natuurlik: Weet wie jy is en leef voluit. **

**R1 Jy sal die onderhoud nou nog een keer hoor.**

REPEAT FROM * to **
PAUSE 00’10”

**R1 Hierdie is die einde van oefening 5.**

**Jy het nou 6 minute om jou antwoorde op die antwoordblad te skryf. Jy sal gewaarsku word wanneer daar nog net 1 minuut oor is.**

PAUSE 05’00”

**R1 Daar is nou 1 minuut oor.**

PAUSE 01’00”

**R1 Dit is nou die einde van hierdie vraestel.**

**R1 This is the end of the examination.**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (Cambridge University Press & Assessment) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

Cambridge Assessment International Education is part of Cambridge University Press & Assessment. Cambridge University Press & Assessment is a department of the University of Cambridge.

© Cambridge University Press & Assessment 2022